Toe Het Jesus Gekom

. . . en aan die groot Naam van U gesalfde Kind, die Here Jesus Christus. Ons dank U vir Sy Lewe, en vir Sy genade wat uitgestort is in ons harte, deur die Heilige Gees.

2 As ons net sou stop, om die baie seëninge te tel wat aan ons gegee is, sou dit ontelbaar wees. Ons is dankbaar vir ons gesondheid, en vir al die groot seëninge wat geld nie kan koop nie. U het hulle ryklik, deur U genade, aan ons gegee. En ons is bevoorregte mense om U te ken.

3 En dis ons hartsbegeerte dat diegene wat U nie ken nie, en nie vriendskaplik met U verkeer nie, dat hulle U sou leer ken, en hulle sondes vergewe kon word, en vriendskaplik met U sou verkeer, Vader. Want U het gesê: "Ek is sagmoedig en nederig. En die kruis was maklik en die laste was lig." En ons bid net dat U dit aan elkeen sal manifesteer vanaand. As daar dalk toevallig sommige hier sou wees wat U nie ken nie, mag hulle vanaand kom en U ontvang. Help die Christene soos hulle aangaan. Seën hierdie liedere, vanaand, van die—die mense wat sing.

4 En help ons in die komende herlewing. Hierdie vyf aande, Here, voel ons dat dit U wil sou wees, dat ons hierdie aande sou toewy aan die diens, net voor ons die groot opstanding vier; en die kruisiging, opstanding van ons Here.

5 Wees nou met ons. Kom na U Woord, Here, en bedien ons, en mag ons gemeenskap om die Woord hê, deur die Gees van God. In Christus' Naam bid ons. Amen.

6 Dis so 'n voorreg om voor een persoon te probeer staan en van die Here Jesus te praat. En ek het opgelet, in my bediening, dat dit net nie vir God saak maak, of daar 'n dosyn is, en of daar duisende is nie. Hy het die heeltyd dieselfde Boodskap vir die mense, wat Sy genade is.

7 Ons onderwerp vanaand, begin destyds by een van die mooiste tonele van die Skrif. Ek dink dat die hele Skrif net volmaak is. Daar kan geen fout gevind word met God se Woord nie. Dis net volmaak. Maar, die teks wat ons onder oorweging het, is een van die besondere tekse van die Skrif. Dis een van die seëls van Sy Messiasskap.

8 Julle weet, mense kan na hierdie aarde toe kom, en kan allerhande stellings maak en allerhande beloftes, maar as hulle nie in staat is om daardie beloftes te hou nie, wel, help hulle beloftes nie veel nie. Maar wanneer 'n mens kom en 'n belofte kan maak, en dan in staat is om daardie belofte te vervul, bevestig dit sy woord.

9 En Hy was die enigste Mens wat ooit op die aarde gelewe het, wat hierdie stelling kan maak: "Ek het die mag om My lewe neer te lê, en Ek het die mag om dit weer op te neem."

10 Ek was bevoorreg in my bediening, om langs baie groot stigters van godsdiens, se grafte te staan, groot stigters, soos Mohammed en baie van die ander uitsonderlike godsdienste van die wêreld. Maar elkeen van hulle het 'n gemerkte plek waar hulle stigter oorlede is, en begrawe is, en daar lê tot vandag toe.

11 En tot nou toe, in die natuurlike, het ek nog nooit die voorreg gehad om langs daardie oop graf te staan waar Christus neergelê is, en die graf Hom nie kon vashou nie. Want Hy was die Een Wat gesê het: "Ek lê My lewe neer; niemand neem dit van My weg nie. Ek lê dit neer en Ek neem dit weer op."

12 En dis die enigste godsdiens in die wêreld wat as korrek bewys kan word, is die Christengodsdiens. Ons Here, nie net het Hy gesterf vir Sy mense nie, maar Hy het weer opgestaan vir hulle regverdigmaking. En Hy het opgevaar na Bo, vanaand, en sit op die Troon van God. En Sy Gees lewe in Sy Kerk, by Sy mense, besig om dieselfde dinge te doen wat Hy het toe Hy hier op aarde was; om Sy bediening voort te sit.

13 En na vanmôre, die Heilige Gees wat so pragtig afgekom en ons laat baai het in Sy groot skoonheid, was ek net geïnspireerd om daardie woorde te spreek en te sê, dat, al die gawes wat in die kerk is, een glorieryke dag, net opsygesit sal word, op die rak, as't ware. En die Heilige Gees, Self, sal die Kerk net onder sulke beheer neem, van Goddelike liefde, totdat die siekes genees sal word, die blindes sal sien, die kreupeles sal loop, sonder dat hande op hulle gelê word. Dit sal net een groot eenheid wees.

14 En toe ons gestaan het vanmôre, in die eeu en die tyd wat ons is, en daardie man sien loop het . . . of opgedra word hierheen met sy kop tussen sy knieë, en met 'n ruggraattoestand wat hom kromgetrek het soos hierdie, en hom oorgebuig het. En terwyl hy daar gesit het, heen-en-weer begin wieg het, aan die agterkant.

15 Toe, om die man te sien teruggaan en gaan sit, nadat hy deur die gebedsry gekom het, en om te weet dat hy die stelling gemaak en gesê het, vir baie jare, hy baie hardhorend in sy ore was, en om die Here Jesus daardie ore so volmaak te sien oopmaak, totdat hy die sagste fluister kon hoor. Teruggaan en sy hande oor sy ore sit en huil. 'n Sakeman; 'n man wat honderde myle gery het om hiernatoe te kom.

16 Dan, daarna, op die platvorm, die getuienisse van daardie kinders wat hiernatoe gekom het, die mense wat in ernstige toestand was, van allerhande siektes, van regoor die land, wat getuig het van hulle toestande, en hoe hulle sterwend was aan kanker en verskillende dinge. En hier is hulle, normaal, genees. Dis net een van die bevestigings van Sy voortdurende Messiasskap.

17 Dis ’n bevestiging dat Christendom die Waarheid is. Daar is geen ander godsiens wat die Waarheid is, behalwe Christendom nie. En dit is Waarheid. Christus is die Waarheid. En Hy . . . Die godsdiens van Christus het nie gesterf saam met Christus nie. Dit mag gesterf het saam met Hom, maar dit het ook saam met Hom opgestaan. En Hy bewys vanaand, nogsteeds, Sy groot Messiasskap.

18 Daar word vir ons geleer, in ’n klein boekie wat ek ’n rukkie gelede gelees het, naamlik, *Die Prins van die Huis van Dawid.* Ek glo dis geskryf deur ’n man met die naam van Ingraham. En dis veronderstel om, gedeeltelik, waar te wees, en geneem uit een of ander ou manuskrip, uit ou leermanuskrip van baie, baie jare gelede. Dat, daar ’n jong Jood was, in Palestina, op dieselfde tyd wat Jesus daar was. En sy, wat geskryf het aan haar vader in Alexandrië, het noue kontak gehou met haar vader, oor Johannes die Doper en die Jesus wat Homself “die Messias,” genoem het. En daarin gee sy ’n pragtige prentjie van ons toneel vanaand.

19 Sy het gesê dat Martha en Maria en Lásarus boesemvriende van Jesus was. Dat, na die dood van Josef, dat hulle gegaan het . . . Hy het by hulle kom woon, en om by hulle te wees. Lásarus het geleer om ’n skrifgeleerde by die tempel te wees. En Martha en Maria was ook . . . Hulle het geen vader en moeder gehad nie. So, hulle het klein tapissirieë vir die tempel gemaak, die klein lappies en goedjies, naaldwerk, en dit het hulle iets gegee om te doen. En Jesus het by hulle kom bly, voor Hy Homself ooit bekendgemaak het dat Hy die Messias was.

20 En Lásarus was onder na die rivier toe, om na die prediking van Johannes te luister. So hy het teruggekom en hulle vertel watter groot profeet uit Galiléa uitgekom het, uit die woestyn, en wat hy verkondig het, dat die koms van die Messias op hande was. En min het Lásarus geweet dat die einste Een met wie hy gepraat het, die Messias, Self was.

21 En eendag het hy Jesus oorreed, as’t ware, om saam met hom te gaan, om hierdie profeet te hoor preek. En Johannes, daaronder, nie toegerus met groot verhewe woorde nie; net ’n alledaagse gewone man, nie aangetrek soos die hoëpriester nie.

22 Want, God woon nie in die manier wat ons aantrek nie. God gee nie veel daarvoor om nie, solank ons ordentlik aangetrek is en reg lyk. Jy hoef nie jou kraag agterstevoor aan te hê, of ’n tulband op jou kop te dra nie. God wil hê jy moet ’n nederige, onderdanige hart hê. Dis waarna God soek.

23 En soos hy vir Jesus saam met Johannes sien kom het, na sy doop toe, het Johannes omgedraai en gekyk, en gesê: “Aanskou die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem.”

24 En toe Jesus deur Johannes gedoop is, het hulle gesê Hy het later teruggekeer na die huis van Lásarus en Martha. En soos Hy daar gewoon het, geëet het aan hulle tafel, geslaap het in hulle

beddens daar in Betánië. En eendag, het God met Jesus gepraat en vir Hom gesê: "Ek wil hê Jy moet hierdie plek verlaat, en te gaan na waar Ek vir Jou sal wys."

25 Nou, ons weet dat die Bybel gesê het, in Johannes 5:19, Jesus gesê het: "Ek doen niks as die Vader My nie eers wys wat om te doen nie."

26 En nou, dan moes God Hom gewys het, wat om te doen, anders sou Hy nooit Betánië verlaat het nie. So Hy het uitgegaan, omtrent 'n dagreis, of twee ver.

27 En mettertyd, het Lásarus siek geword, en hulle het Jesus laat weet om te kom. Maar, in plaas van om te kom, het Jesus net die oproep geïgnoreer.

28 Nou sou dit jou nie vreemd laat voel het as die pastoor dit gedoen het nie? Dit sou jou laat voel het soos: "Wel, hy gee nie om vir ons nie."

29 Maar, o, as jy net 'n oomblik sou stop, om dit te onthou, dat: "Alles werk ten goede mee vir hulle wat vir God liefhet." Niks in die wêreld kan verkeerd gaan, solank jy in God is nie. "Die voetstappe van die regverdiges word bepaal deur die Here."

30 En toe het hulle weer vir Jesus laat roep. En Hy het, skynbaar, hulle oproep geïgnoreer en net reguit aangegaan. Na vier dae verbygegaan het, het Hy gesê: "Ons vriend, Lásarus, slaap, en vir julle ontwil is Ek bly Ek was nie daar nie." Want, as Hy daar sou wees, sou hulle Hom sover probeer kry het om iets te doen wat nie die wil van God was nie.

31 O, hoe ek hier kon stop vir 'n oomblik! Hoedat mense, baiekeer, met goeie bedoelings, mense uit die wil van God probeer roep. 'n Man moet sy absolute roeping ken. Jy moet weet wat jy doen, en nie net op 'n lukrake manier, of geld jou laat trek van een plek na die ander, of gewildheid dit laat doen nie. Maak nie saak hoe gewild jy is, hoe ryk jy is nie, jy moet altyd eers vir God soek, om Sy plan en Sy wil te ken.

32 Nou, toe Lásarus siek was, het dit vreemd gelyk dat Hy nie wou teruggaan nie. Maar Jesus het gesê: "Ek's bly Ek was nie daar nie."

33 Want, hulle sou Hom oorreed het, sê: "Nou, waarom kom U nie *hier*natoe nie? Hoekom doen U nie *dit* nie? En waarom rig U hom nie op nie? U het ander opgerig." Maar, Jesus het beter geweet. Jesus het geweet wat die Vader se wil was.

34 En, o, wat 'n salige voorreg is dit, dat ons die Vader se wil kan ken. As ons God sal soek, sal God Sy wil bekendmaak.

35 Ek sou liewer wou weet dat ek in die wil van God is, as ek nooit met nog 'n persoon gepraat het nie, as om elke aand vir tienduisend mense te preek, buite die wil van God. Ek sou liewer die wil van God wou ken. Ek glo dit was Dawid wat gesê het: "Ek

sal liewer 'n deurmat wees," by die . . . of iets: "in die huis van my Here, as om te woon in tente saam met ongeregtigheid."

36 Wat 'n voorreg, om ons plek te vind en daarin te bly. Maak nie saak hoe die duiwel skud, wat hy sê, en hoe hy spot nie, bly net reguit in die wil van God.

37 Let dan op, toe Jesus gesê het: "Nou, hy's—hy's dood." Hulle het gedink dat hy slaap. Hy het gesê: "Hy's dood. En om julle ontwil, is Ek bly dat Ek nie daar was nie. Maar Ek gaan om hom wakker te maak." O, goeiste! Dit was nie enige: "Ek gaan kyk of Ek kan; Ek sal gaan probeer," nie. Maar: "Ek sal gaan en hom wakker maak." Want, Hy het geweet, God het vir Hom gewys met 'n visioen, dat Lásarus uit daardie graf uit sou kom. En dit was geen raaiwerk nie. O, as God sou . . .

38 Enige tyd wat God 'n visioen wys van wat gaan gebeur, gaan dit presies so wees, as die visioen van God af is. Moet net wees! Hoe ek hier kon stop in my teks, en net weer kon aanhaal, vir ure, van gevalle waarvan ek weet.

39 Ek het na gevalle toe gegaan waar ek sou dink: "O God, U sal dit tog sekerlik doen," gaan net uit en toets net my geloof daarop. Maar baiekeer werk dit nie.

40 Maar wanneer God 'n visioen wys, o, goeiste, moet dit net gebeur. Dit kan nie faal nie. En omdat Hy dit nou doen, is dit die onfeilbare bewys dat Hy steeds die Messias is, dat Sy Messiasskap geseël word deur die tekens en wonders van die bevestiging van Sy geseënde Woord.

41 En om dan te dink, dat, Lásarus, toe hy siek geword het. Daar is niemand wat weet wat siekte is, totdat jy dit in jou eie huis gehad het nie. En ek is seker dat elkeen van ons, vanaand, met Martha en Maria kan simpatiseer. En hoedat hulle enigste broodwinner wat hulle gehad het, hulle broer, siek gelê het in die bed. En miskien het die dokters hom opgegee. Daar word vir ons vertel dat hy dood is aan bloeding op die longe, waarskynlik tuberkulose. En hy het gesterf van daardie toestand. En toe hy so siek was, en die dokter hom opgegee het, en toe het Jesus nagelaat om na Sy vriend toe te kom.

42 Nou, dit was regtig 'n donker tyd. Kan julle julle voorstel daardie twee pragtige jong dames wat vir Jesus laat weet om te kom, en Hy het geweier om dit te doen? Nadat hulle uit die kerk uitgekom het en die ou Ortodokse godsdiens versaak het, en hulle afgesonder het van die ander wêreldse kennisse; en toe hulle hele vertroue geplaas het in hierdie Man, Christus, Wat hulle geglo het die Messias, Christus was; en toe het Hy hulle teleurgestel!

43 O, ons het al almal daardie soort ondervindings gehad. Ek onthou toe ek eers bekeer is, hoedat my mense gedink het ek was van my verstand af. Wel, hulle het gesê: "As jy daardie soort godsdiens hou, sal jy in die malhuis wees binne 'n paar dae." Julle het dieselfde ding gehad, van mense wat julle bespot, en julle

kennisse wat sê dat julle die pad byster geraak het. Maar solank jou geloof in Christus is, sal alles reg uitkom. Moet nooit daaroor bekommerd wees nie. En ek kan onthou hoedat die mense . . .

44 Ek sou my seunsvriend ontmoet, en die jong meisies saam met wie ek uitgegaan het, hulle in die straat ontmoet. En hy het gesê: "Billy, jy het 'n holy-roller geword." Ek het nie omgegee nie, want ek het geweet dat iets gebeur het, iets plaasgevind het.

45 En, in my hart, het ek geglo dat dit die regte, egte Heilige Gees was. Vier-en-twintig jaar het verbygegaan, en dis vanaand nog net so geanker hier. [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.] Ek het dieselfde vasbeslotenheid om Hom te dien, as wat ek die eerste aand gehad het wat ek Hom belowe het, in daardie ou houtskuur. Sekerlik. Iets het 'n houvas gekry! Donker ure het gekom. Tragedies het gekom. Teleurstellings het gekom. Die dood het gekom. Maar, ten aanskoue van dit alles, rus ek in daardie pragtige hoop wat Hy gesê het: "Ek is die opstanding en die Lewe; hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe."

My geloof is gebou op niks anders
As Jesus' Bloed en geregtigheid;
As alles om my siel meegee,
Dan is Hy my hele hoop en vastigheid.

Op Christus, die vaste Rots, staan ons;
Alle ander grond is dryfsand. Sekerlik!

46 O, dit moes 'n donker tyd gewees het; toe hulle dokter hulle gefaal het, toe hulle vriend hulle gefaal het, en Lásarus nou sterwend was. En die vierde dag het gekom, en hy het die laaste keer bloed gehoes, en gegaan om by God te wees. Hulle het hom uitgeneem; die bloed uit sy liggaam getrek, speserye en nardus in sy are gesit, hom in lakens toegedraai en in die graf gesit. En daar het hy gelê, vier dae, dood. Sy liggaam het gestink.

47 Nou, enigiemand weet dat die menslike liggaam uitmekaar uit val na omtrent twee-en-sewentig uur.

48 Dis waarom Jesus moes opstaan voor die drie dae verby was. En twee-en-sewentig uur, begin die verderwing.

49 En Dawid in die Bybel, het gesê, agthonderd jaar voor Christus gebore is, onder die inspirasie van die Heilige Gees. Gesê: "Ek sal nie My Gunsgenoot verderwing laat sien nie, ook sal Ek nie Sy siel aan die doderyk oorgee nie."

50 Dis waarom Hy gesê het: "Vernietig hierdie liggaam, en binne drie dae sal Ek dit weer oprig." Hy het geweet dat geen verdwerwing sou begin nie. Dis hoekom Hy gesterf het op die Vrydagmiddag, en weer opgestaan het op Sondagoggend, is omdat Hy geweet het dat verderwing nie een sel van daardie geseënde liggaam kon aanraak nie.

51 Want, God se Woord is so onfeilbaar. O, goeiste! Hy hou Sy Woord, tot die letter. "Hy sal nie My Gunsgenoot verderwing laat sien nie, ook sal Hy nie Sy siel aan die doderyk oorgee nie." God se onfeilbare Woord kan nie faal nie. Daar het Sy liggaam gelê.

Mense bevraagteken beslis. Hulle het gesê: "Drie dae en nagte?"

52 Maar, dit was binne drie dae en nagte, het Hy gesê. Hy het geweet dat dit nie heeltemal drie dae en nagte kan wees nie, want verderwing sou begin.

53 So, hier was Lásarus, vier dae het verbygegaan. Die neus het alreeds ingeval, op die gesig. Die vingers het alreeds verander. Die velwurms het begin om in sy liggaam in te kruip en sy vlees op te vreet.

54 O, dit moes die donkerste uur gewees het wat daardie familietjie al ooit gesien het! Hulle vriend was weg. Hulle kerk; hulle was geëkskommuniseerd. Hulle broer was dood. En die mense het hulle bespot en uitgelag, soos daardie twee meisietjies saam in die huis gesit het, met hulle swart sluiers oor hulle gesig, soos wat die oosterse gebruik is. Daar gesit, aan die huil en treur, oor die heengaan van hulle broer. Daar was hulle.

55 Niemand wat nie gesit het in daardie soort huis; niemand behalwe diegene wat aan die sy van hulle geliefdes gesit het nie! Ons weet, baie van julle weet, hoe ons langs ons geliefde sit. Roy, ek kan jou langs daardie seuntjie sien sit. Broer Roberson, ek kan jou en Suster Roberson sien sit langs haar moeder. O, hoeveel van julle! Ek kan myself sien sit langs my klein, oorlede babatjie, van omtrent agt maande oud. Ons weet wat daardie dinge is. O, watter donker ure!

56 Maar dit was die donkerste uur wat daardie familietjie al ooit gesien het. En omtrent daardie tyd, het Jesus op die toneel verskyn. Dis gewoonlik, dis hoe Hy dit doen. Dis in die donkerste uur, en dan verskyn Jesus op die toneel.

57 Dit was ver onder in Babilon, een môre, baie jare gelede. Toe drie Hebreeuse kinders, wat soontoe geneem is, as gevangenes, weg van hulle tuisland. Hulle was hartseer, want hulle was gevangenes. Hulle was hartseer omdat daar geen plek van aanbidding was nie. Maar hulle het steeds getrou gelewe aan God. En daar het 'n klomp bedrieërs gekom, en hulle het proklamasie uitgevaardig, dat: "Wie ook al nie sou buig voor 'n beeld nie," wat teenstrydig was met hulle godsdiens, "in die vuuroond gegooi sou word." En die koning, met sy groot mag, het uitgekom en gesê: "Wie ook al nie voor hierdie beeld buig nie, moet in hierdie vuuroond ingaan en verbrand word." Nou, daar was 'n toetstyd.

58 En daar's altyd 'n toetstyd. "Elke seun wat na God toe kom, moet eers getoets, beproef word." O, ek hou daarvan. O, ek vra nie daarvoor nie, maar, na dit verby is, dra dit die pragtige vrugte

van sagmoedigheid. Die toetstyd, wanneer die vuur warm is! Hoe elke Christen, deur die eeue, deur daardie toetstyd gegaan het. En die Bybel het gesê: "As ons nie daardie beproewing kan verduur nie, word ons onegte kinders, en nie die kinders van God nie." So, 'n egte kind in die toetstyd, wat hierdie was, hulle wandel nie met sig nie. Hulle fisiese oë is geslote vir die dinge wat om hulle is. Hulle wandel net deur die geloof van die Here Jesus Christus, deur te kyk na Sy Woord, en te glo dat Hy elke Woord sal hou presies soos wat Hy gesê het Hy dit sou doen. Toetstyd, beproewings!

59 En ons sien, toe hierdie toetstyd gekom het vir hierdie drie Hebreeuse kinders, is hulle as getrou bewys. Hulle het gesê: "Ons sal nie buig voor die beeld nie." O, goeiste!

60 Toe, die groot proklamasie wat geteken is, hulle het gegaan en hulle bymekaarmaak, en hulle hande agter hulle vasgebind, en hulle teen 'n groot plank laat oploop, 'n loopplank, om af te val in 'n vuuroond wat die lug letterlik laat rooi word het, sewe maal warmer as wat dit ooit warmgemaak is. En terwyl hulle teen hierdie plank opgeloop het, in hulle harte geweet het, hulle nooit kon sien hóé God dit ooit sou doen nie. Maar hulle het geweet dat God dit kón doen. Dit was hulle voorreg om hulle dood tegemoet te loop, as't ware, om die Woord van God te hou.

61 En soos hulle daar opgeloop het, was dit miskien die donkerste uur wat hulle al ooit gesien het. Hulle het geen—geen huis gehad om na toe te gaan, op hierdie aarde nie. Hulle was gevangenes. Hulle was net soos slawe. Hulle was uit hulle tuisland uitgebring. Hulle was nie toegelaat om openbare aanbidding by te woon nie. Hulle het afgode in daardie land aanbid; so hulle kon nie afgodediens bywoon nie, en hulle kon ook nie hulle tuislandvoorregte hê nie. Hulle was gevangenes. Maar, een ding, jy kan nie 'n gelowige verwyder van sy God nie. Nee, jy kan nie.

62 En daardie môre, soos hulle daar opgeloop het, in die wete dat hulle alleen gestaan het met God. En soos hulle begin het om hulle treë te gee, soos hulle opgegaan het, miskien, die donkerste uur waarvoor hulle al ooit te staan gekom het. En die hitte van die vuuroond het teen hulle gesigte begin vasslaan. En soos hulle hulle laaste totsiens-tree aan hierdie wêreld gegee het, af in daardie vuuroond in, toe het Jesus gekom op daardie tyd. En Hy het afgekom in daardie vuuroond, 'n palm afgebreek van die immergroen bome van die Hemel, en Hy het die vuur weggewaai van hulle af.

63 Totdat, na dit gebrand het, miskien vir langer as 'n uur, die koning baie moeg geword en gesê het: "Maak oop, en kom ons kyk wat gebeur het."

64 En toe hulle die groot deksel van die vuuroond afgehaal het, en die groot staal of koperdeksel afgeval het, het die koning ingekyk. En hy het gesê: "Hoeveel het ons daar ingesit?"

Hy het gesê: "Ons het drie ingesit."

65 Hy het gesê: "Daar is vier daarbinne. En Een van hulle lyk soos die Seun van God."

66 Dit mag donker word, warm tye, daar mag toetstye kom, maar Jesus is altyd op die toneel as ons net opreg en getrou sal bly.

67 Dit was 'n vroutjie eenkeer, wat al haar geld spandeer het, vir dokters. En sy het die plaas verkoop, en miskien die trekdiere. En alles wat sy gehad het, het sy verkoop; en dit vir die dokters gegee, om te probeer om genees te word. Niemand van hulle kon haar help nie. En soos sy alleen gesit het, haar liggaampie was swak, want sy het vir baie jare bloed verloor. En niks kon haar blykbaar help nie. En daar . . .

68 Sy het gehoor. Julle weet: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord." Sy het gehoor dat ver oorkant aan die ander kant van die Galiléa, daar 'n Profeet daar oorkant was, Wat die siekes genees het. Maar, sy het nie die geld gehad om oor die meer te gaan nie. Sy kon nie self die boot roei nie; sy was te swak. En sy kon nie enige geld kry om iemand anders te betaal nie, want sy het alles spandeer wat sy gehad het, vir die dokters, en was steeds net so erg as wat sy ooit was.

69 Een oggend, terwyl sy buite gesit het, soos ons sou dink, op die stoep, met haar bewerige vingertjies, om 'n bietjie hekel- of breiwerk te probeer doen. En sy het daar na onder gekyk, daar het 'n bietjie geraas daar aangegaan onder op die strand. En 'n bootjie het in die wilgers ingestoot, en sy het net gekyk. En na . . .

70 Sy het daar gesit, gedink: "Nou al my geld is op. Wat sal ek volgende doen? Ons het . . . sal waarskynlik uit die huis gesit word. Die verband het dit klaar opgeneem. Ons het nie eers kos om te eet, of niks anders nie. En ek kan geen verligting kry nie." Dit was waarskynlik die donkerste uur wat sy al ooit gesien het.

71 En omtrent daardie tyd, het die bootjie ingestoot, en het Jesus gekom. Sy gaan af rivier toe, met haar klein, bewende liggaampie.

72 En onthou net, omdat Jesus gekom het, sal elke duiwel in die hel jou probeer weghou van Hom af. Dis reg. Jy mag die Boodskap hoor, maar die duiwel sal reg op jou skouer sit, en sê: "Jy moenie luister nie. Jy moenie luister nie. Jy moenie luister nie." Maar moet jy hom nie glo nie.

73 Hy het gesê: "Wie ook al wil, kan kom en vrylik drink van die waters van die Lewe."

Moenie na hom luister nie, want hy is die duiwel.

74 En die vroutjie het afgegaan na waar Jesus opgekom het, en die mense het om Hom saamgedrom, die armes, ensovoorts.

75 En daar het die priester en al die—die groot leiers van haar godsdiens gestaan. En hulle het Hom bespot, en gesê: "Ag, U is die Een Wat die siekes genees, is U? Wel, ons het baie siekes. Laat ons sien dat U hulle genees. Wel, U is die Een Wat die dooies opwek, is U? Ons het 'n begraafplaas vol hierbo. Laat ons sien dat U hulle opwek."

76 Hy het nooit eers enige aandag aan hulle geskenk nie. Hy het net verbygeloop. Hy het een ding gehad om te doen, dit was die ding wat God vir Hom gewys het om te doen. [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] Niks minder of niks meer nie!

77 Wanneer die Christen daardie plek bereik, waar hy sal aflê en nie luister na al die skandale en goed wat gesê word, en alles wat aangaan nie; en een motief het, dis om die wil van God te doen, wat God jou gestuur het om te doen, sal daar 'n ander dag en 'n ander kerk wees.

78 Hier het sy afgeloop na hierdie skare toe. En Jesus het geloop, met Sy stadige, seker pas.

79 En die mense het na Hom toe gehardloop, en gesê: "Is U die Profeet? Is U *dit*? Is U *dat*? Sê, wat van hiernatoe kom en iets vir my doen? Laat ek U 'n wonderwerk sien doen. Ons sal baie daarvan hou om U die waters in wyn te sien verander; hier's 'n kruik vol daarvan. Ek wil graag 'n bietjie hê. Hulle sê dit was goeie wyn. Maak *dit* wyn. Laat ek sien hoe dit smaak."

80 Hy het nie eers Sy kop opgetel nie. Hy het aangestap. Dit maak dat ek Hom liefkry.

81 Julle weet, dis kleinlike mense wat stry en baklei. 'n Groot man steur hom glad nie aan so-iets nie. Christene let nie op wat die wêreld sê, as hulle enigiets wil sê wat hulle wil nie. Hulle het. . . Hulle is te groot om daardie klein goedjies op te let. Hulle bly net voortgaan, gaan net aan.

82 Die vroutjie het gedink: "Nou, dis die enigste uur wat ek Hom ooit sal sien; my laaste geleentheid. Die enigste geleentheid wat ek nog ooit gehad het. En ek glo regtig, as ek net die kleed van daardie Man kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." Wat 'n geloof! Wat 'n tyd!

83 En, hier, soos die skare haar probeer terughou, gaan sy op haar knieë, op 'n manier, en kruip deur daardie hele skare, totdat sy Sy kleed aangeraak het. En sy het teruggeloop en in die skare gestaan.

Jesus het omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?"

84 Wel, die skare het gesê: "Wel, niemand het U aangeraak nie." Almal het dit ontken.

85 En Petrus het Hom bestraf. Hy het gesê: "Here, almal het teen U geskuur."

Hy het gesê: "Maar Ek kom agter dat krag van My uitgegaan het."

86 En Hy het rondgekyk totdat Hy haar gevind het. En Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered."

87 Haar donkerste uur. En die Bybel het gesê, dat: "Sy het binne-in haar gevoel, dat die bloos . . . bloedvloeïng gestop het."

88 Was dieselfde Here Jesus nie hier vanmôre nie? Vir 'n man wat daar gesit het, met gevorderde kanker, totdat hy . . . Die dokter het gesê: "Hy kan net nog 'n klein tydjie lewe." En terwyl hy by die altaar verbygegaan het, in die donkerste uur wat hy nog ooit gesien het, en het vyftien minute daaragter gestaan. En moes hiernatoe kom en het gesê: "Die hele swaar gevoel het my verlaat." Donkerste uur, dan kom Jesus.

89 Broer Burns wat daar oorkant sit, toe . . . Sy pragtige klein metgesel in die Hiernamaals, vanaand. Hoe dit was, hy het daar gelê, in die hospitaal hier in Louisville, met kanker van die milt. En die dokters het hom opgegee. En ek en Broer Wood was buite in die—die woud, aan die eekhorinkie jag. En ons het ingekom, en iets het my beweeg om Louisville toe te gaan. Hoekom? Ek weet nie.

90 En ek het gesê: "Broer Wood, ry om die blok, ek gaan in Sutcliff's in. En wanneer jy weer verbykom, kan jy my oplaai." Ek het gewag en gewag. Ek kon hom nêrens kry nie. En naderhand, het ek opgelet waar hy om die ander hoek gaan, en by die straat verbygaan, met die gedagte dat Sutcliff's nog 'n straat boontoe was. As die man net sou kyk, sou hy gesien het Sutcliff's was nie daar nie. En hy doen sake met Sutcliff's. Hy weet waar die plek is.

91 Maar klein Suster Burns, wat rus by God, vanaand, het in haar huis gestaan; het daardie fototjie geneem met die Engel van die Here bokant dit, en het voor dit neergekniel en gesê: "O God, help my om Broer Branham te vind vir my dierbare man."

92 En sy gaan dorp toe om 'n elektrisiteitsrekening te betaal, sonder om te weet waar ek in hierdie wye wêreld is. En sy het gekom. Ek het vir meer as 'n halfuur gewag. En ek het bly sien hoe die bakkie om die ander draai gaan. Ek het gesê: "Hy het verdwaal. Ek moet soontoe gaan." En net toe ek by die hoek kom, en hy om die draai kom, dat ek in die bakkie kon klim, en net omtrent op daardie oomblik, het Suster Burns om die hoek gekom.

93 En daar, met 'n gebed van geloof, het God haar man genees. En daar sit hy vanaand. Dit was in die donkerste uur, dan kom Jesus.

94 Ons dink net dat ons verlore is en dat ons verlaat is. En wanneer jy begin voel . . . Hou net vas. Hy sal daar wees. Moenie bekommerd wees nie.

95 Dit was die donkeste uur wat klein Georgie Carter al ooit gesien het, daaronder by Milltown. Sy het behoort aan 'n kerk wat nie in Goddelike genesing geglo het nie. Hulle het Goddelike genesing uitgelag en bespot. En daardie vroutjie wat daar gelê het in daardie toestand. En die Here het met my gepraat hieronder op die bed, en gesê: "Gaan af na Milltown." Ek het nog nooit van die plek gehoor nie.

96 Ek het na hierdie einste platvorm toe gekom, en ek het gesê: "Die Here het my gestuur na 'n plek met die naam van Milltown. Daar's 'n lammetjie wat heeltemal verstrengel is in die bosse, en dit roep uit om hulp." Niemand het geweet waar dit was nie.

97 En Broer George Wright, hy was vanmôre hier, het gesê: "Ek weet waar dit is. Dis net onder my plek." Ek het die volgende Saterdag soontoe gegaan. Ek het oral gekyk, en 'n diens in die ou Baptiste kerk begin.

98 En toe het Mnr. Hall my soontoe gelei om te bid vir hierdie dogtertjie, en ek het vir haar gebid. Haar mense het die huis verlaat. Hulle wou niks daarmee te doen hê nie, want hulle kerk het vir hulle gesê: "Enige persone," wat in my diens ingeloop het: "sal geëkskommuniseer word uit die kerk." Daar het sy gelê, nege jaar en agt maande, plat op haar rug, nie eers in staat om te beweeg nie. Sy het gehuil. Sy het gebid. Totdat, jy kan gaan kyk, tot vandag toe. Haar bedstyl, sy het al die—die verf afgevryf aan die agterkant daarvan, aan die uitroep tot God, om iets te doen. En tog, het haar koue, formele, onverskillige kerk nie geglo in Goddelike genesing nie en sou enigiemand verwerp wat daarvolgens vir haar sou kom bid.

99 Daar was haar pappa 'n diaken, of iets, in die kerk. Haar mamma en hulle, groot pilare in die kerk. En daar is hulle verwerp; geen hoop meer nie. Die dokters het haar vyf jaar vantevore opgegee. Sy het net omtrent sewe-en-dertig pond geweeg; niks anders as bene nie. Haar beentjies het soos besemstokke gelyk. En sy het daar gelê met niks anders as net vel oor die been nie.

100 Eendag, oppad soontoe . . . En haar mamma het gehardloop; haar pappa het die huis verlaat. Hulle het niks te doen gehad met daardie fanatikus nie. En eendag, ingestap om vir haar te bid, ek het gesê: "Meisietjie, sal jy bereid wees om op te staan en gedoop te word in die Naam van die Here Jesus, om jou sondes weg te was, en Hom te dien?"

101 Ek moes naby gaan om te hoor wat sy gesê het. Sy het gesê: "Ek sal enigiets doen." Ek het gekyk, gelê op my . . . haar bed, en daar het my boekie gelê, genaamd *Jesus Dieselfde Gister, Vandag,*

En Tot In Ewigheid. Ek het vir haar gebid, dit het gelyk of dit glad nie help nie.

102 Twee weke het ek 'n diens gehou. Ek het opgegaan om te doop by die Totten Ford. En daardie dag het die diens geëindig, daardie aand. En terwyl ek gedoop het . . .

103 Daar was 'n ander prediker daarbo wat bespot het en die einste gedagte aan waterdoop uitgelag het, en om die Naam van die Here Jesus Christus te gebruik. Hy het gesê: "As enige van my mense, wat onder hierdie tent sit, ooit by die man is, gaan nou hier uit. Ek wil niks met hulle te doen hê nie." En Mnr. Wright het toevallig daar gesit, en hy het net opgestaan en uitgegaan. En die volgende Sondag . . . Ek het nooit my mond oopgemaak en 'n woord oor die man gesê nie.

104 En ek het soontoe gegaan, na die plek wat sou . . . om daar te doop by Totten Ford. En toe ek uitgestap het in die water, daar het die mense gestaan van sy herlewing, op die oewer gestaan, om my te bespot oor die doop in die Naam van die Here Jesus. En toe ek uitgestap het in die water, het Jesus omtrent op daardie selfde tyd gekom.

105 Hier het sy hele gemeente gekom, met hulle goeie klere aan, wat in daardie modderige water inloop, en skree: "God wees my genadig!" En ek het elkeen van hulle gedoop in die Naam van Jesus Christus, net daar in daardie watergat.

106 Na Broer George toe gegaan. En Broer George het gesê: "Broer Branham, kom eet oor 'n paar minute aandete."

107 Ek het gesê: "Ek moet bid." Ek het oorkant in die woude ingegaan, en ek kon nie bid, hier en daar nie. En meteens, toe dit amper donker geword het, het ek gekyk, en daar was 'n Lig wat afgeskyn het deur 'n kornoelieboompie, en gesê: "Staan op van jou voete af, op jou voete, en gaan na die Carter's toe."

108 Klein Georgie wat daar lê en huil het, en sê: "O, mamma, ek gaan uitgelaat word. Hy gaan vandag weg, en ek sal hom nie weer sien nie." En daardie aand was dit die laaste diens van die groot herlewing. Daar was sy, met skynbaar geen hoop nie. En omtrent daardie tyd, het Jesus gekom.

109 En daardie vroutjie wat daar gelê het, net omtrent iets oor die dertig pond geweeg het. Toe ek daar ingestap het en hande op haar gelê het, het ek gesê: "Suster, die Here Jesus het 'n rukkie gelede aan my verskyn, oorkant langs die heuwel daar. Hy het gesê om hiernatoe te kom en my hande op jou te lê, dat jy genees kan word."

110 Daardie klein, benerige gestalte wat vir nege jaar en agt maande nie van die bed af opgestaan het nie, [Leë kol op band—Red.] het op haar voete gestaan en na die klavier toe gehaas, en begin speel.

Jesus, hou my naby die kruis,
Daar's 'n kosbare fontein,
Vry vir almal, 'n genesingsstroom
Wat vloei van Gólgota se berg.

111 Dit was die donkerste uur wat Georgie nog ooit gesien het, toe het Jesus gekom.

112 Kongreslid Willie D. Upshaw, ses-en-sestig jaar in 'n rolstoel, gestoot van kongressaal, na plek tot plek. Is voor gebid, honderde kere. Hy was vise-president van die Baptiste Vereniging van die suide, die Suidelike Baptiste. 'n Vername man, 'n wonderlike man, 'n man wat die President van die Verenigde State sou gewees het, in 1926, as hy sy geboortereg sou verkoop het. Maar, hy het whisky gehaat. En hy het as geheelonthouer deelgeneem, toe die Demokratiese party hom sou verkies het. Hulle het gesê hulle sou, en hulle sou dit gedoen het. Want, hy kon dit maklik gedoen het. Hy was baie geliefd.

113 Maar hy het gesê: "Ek sal nie my geboortereg opgee, om President van die wêreld te wees nie." Halleluja! God gee ons sulke manne, in ons Wit Huis hier. Ja, meneer. Hoe sou hy dan lê as 'n kreupele? Sy rug gebreek, vandat hy sewentien jaar oud was, en was ses-en-tagtig.

114 En een aand, oorkant, voor tiene van duisende van mense, toe Roy Davis hom daarnatoe gestuur het. En hy het hom beweeg in 'n rolstoel, na Roy vir hom gebid het, en honderde ander. En ek het nog nooit in my lewe van die man gehoor nie. Daar was hy, wat daaragter gesit het, net in 'n ander diens. Ek het opgeloop na die platvorm. En omtrent daardie tyd, het ek gekyk, en ek het 'n hooimied gesien, en 'n seuntjie wat speel. En die Heilige Gees het begin openbaar, Dit het hom uitgewys en vir hom gesê hy was 'n kongreslid, en dat Jesus Christus hom gesond gemaak het.

115 Daar, hy, 'n invalide, ses-en-sestig jaar in die rolstoel, ses-en-tagtig jaar oud, die donkerste uur wat hy nog ooit gesien het. Geen hoop meer, vir sy genesing nie. [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] Toe het Jesus gekom. En 'n man, wat ses-en-sestig jaar in 'n rolstoel was, het opgestaan en na die platvorm toe gehardloop, op ses-en-tagtig jaar oud, en sy voete aangeraak, en op-en-af gespring. En in Billy Graham se diens gestaan en *Ek Leun Op Die Ewige Arms* gesing, op die trappe van die Wit Huis. Die donkerste uur, toe het Jesus gekom.

116 Dit was die donkerste uur wat Abraham al aanskou het, toe hy honderd jaar oud was, toe het Jesus gekom.

117 Een aand nadat Hy 'n lang tyd gepreek het, het Hy Sy dissipels weggestuur. En hulle het in 'n skip geklim en sonder Hom vertrek. En gelyk asof, daardie, toe Hy het, hy toe buite op die see was, die skippie. En die stormpie het opgekom. En die duiwel het gesê: "Ek het hulle nou weg van Hom af. Ek het hierdie holy-rollers weg van hulle Meester af. Ek sal sien hoeveel

van die Boodskap hulle na die hele wêreld toe sal neem. Ek sal elkeen van hulle hierbuite verdrink."

118 So, daar het 'n groot storm opgekom. Die duiwel het sy asem begin snork, en die storm het opgekom. En die skippie het op-en-af begin spring, soos *hierdie*. Die seile het gebreek. Die roeispane het gebreek. Die skip het vol water geraak. En dit was die donkerste tyd. Sonder twyfel het hulle mekaar vasgehou om die middel, en gehuil. Hulle het gedink: "O, waar is Hy heen? Wat het van Hom geword? Hoekom het ons nie gewag en Hom saam met ons geneem nie? Hoekom het ons Hom nie in die boot gehad nie?"

119 En baiekeer, mag julle dieselfde ding dink. My vriend, jy mag dalk sonder Hom vertrek het, maar, onthou, Hy hou jou steeds dop. Hy weet net waar jy is. Hulle mag probleme in jou huis wees. Daar mag probleme in jou siel wees. Daar mag probleme in jou liggaam wees. Wat dit ook al is, moet jou nie bekommer nie. Hy het Sy oë op jou. Hy hou jou dop.

120 Hy het bo-op 'n berg geklim. Hy het daar uitgekyk, en Hy het elke skelmstreek gesien wat daardie duiwel uitgehaal het. Halleluja!

121 Hy het nie net geklim nie, maar Hy het teen die vestings van Gólgota uitgeklim; nie net na Gólgota nie, maar die vestings van die Hiernamaals. En Hy sit vanaand, by die Majesteit. Hy kyk af na die aarde. Daar's nie eers 'n—'n kabbeling wat op die water kan kom sonder (Hy) dat dit met Sy toestemming is nie; die see kan nie beweeg nie; 'n blaar kan nie beweeg nie; 'n voël kan nie vlieg nie. [Broer Branham klap sy hande twee keer—Red.] O, geseënd sy die Naam van die Here!

122 Hy is bo alle owerhede en magte. Die aarde het Hom die laagste naam gegee wat gegee kon word; God het vir Hom die hoogste naam gegee wat gegee kon word. Die aarde het Hom so laag geplaas as wat hulle Hom kon kry, in 'n sondaarsgraf; maar God het Hom opgerig tot die hoogste Hoogte. Hy is so hoog dat Hy moet afkyk om die Hemel te sien.

Sy oog is op die mossie,
En ek weet Hy kyk na my.

123 Hy kyk na jou. Hy ken elke gedagte wat in jou gedagtes is. Hy weet van elke aksie wat jy uitvoer. Hy weet alles van jou af. Dis reg.

124 Jy sê: "Maar, ek het teruggeval, Broer Branham." Dit maak geen verskil nie. Hy weet presies waaroor jy teruggeval het. Hy weet net presies waar jy is. [Broer Branham klop twee keer op die preekstoel—Red.]

125 Jy sê: "Wel, Broer Branham, ek het ook sonder Hom vertrek. Ek het eenkeer 'n geleentheid gehad, om te praat. Ek het 'n geleentheid gehad, eenkeer, om—om 'n Christen te wees. Ek het

'n geleentheid gehad. Die prediker het die oproep gemaak, en ek moes gegaan het. Ek het dit eenkeer probeer, maar ek het gefaal. Ek het *dit, dat* gedoen." Maak nie saak wat jy gedoen het nie, Hy het steeds Sy oog op jou.

126 Daardie dissipels het sonder Hom vertrek. En die donkerste uur, toe die duiwel hulle daar weggekry het, weg van Sy Teenwoordigheid af, het hy die storm oor hulle gebring.

127 Miskien is dit wat hy vanaand aan jou doen. Hy mag jou kanker gee. Hy mag jou *dit* gee. Hy mag jou *dat* gee. Hy mag jou 'n gebroke huis gee. Hy mag jou 'n gebroke hart gee. Hy mag jou bekommernis gee. Hy mag jou 'n hoofpyn gee. Ek weet nie wat hy sal doen nie. Maar daar's een ding wat ek wel weet, dat God steeds Sy oog op jou het. Hierdie mag jou donkerste uur wees. Ek weet nie; God weet.

128 Maar reg in daardie donkerste uur, toe hulle net omtrent gereed was om onder te gaan, toe het Jesus aangestap gekom, op die water, net geheel en al onverstoord. Die groot branders het net gaan lê voor Hom, soos Hy aangestap het.

Petrus het gesê: "Here, as dit U is, vra my om na U toe te kom."

Hy het gesê: "Kom aan. Loop hiernatoe."

129 "Vra, en jy sal ontvang; soek, en jy sal vind; klop en daar sal vir jou oopgemaak word. Want vir elkeen wat klop, sal dit oopgemaak word; elkeen wat soek, hy sal vind." Sekerlik. Hy kyk steeds. En die snaakste daarvan is, toe daardie dissipels hulpeloos en sonder hoop was, en toe Jesus na hulle toe gekom het, was dit die enigste ding wat hulle kon help, en hulle was bang vir Hom. Hulle was bang vir Hom.

130 En ek sê vandag, vriend, dat wanneer nasies gefaal het, dat wanneer mense gefaal het, wanneer gemeenskappe gefaal het, waar die kerk gefaal het, waar alles anders gefaal het, dit lyk asof ons totaal verlore is. En omtrent op enige tyd, enige uur, kan julle 'n uitroep hoor, en julle sal nie in staat wees om klaar na die uitroep te luister, voordat die hele wêreld vernietig sal wees nie. Een ontploffing van bomme sal dit doen. Dis al wat julle hoef te doen, net een. Hulle hoef nie Moskou te verlaat nie. Hulle kan net daar sit en een laat val op Vierde Straat, in Louisville. En ons kan net hier staan en een op Moskou ook laat val.

131 En wat gaan dit wees wanneer hierdie groot skepe wat in die see lê soos hierdie, met daardie gerigte vuurpyle reg op daardie stede? Een aan hierdie kant, *hier*heen gerig; en een aan hierdie kant, *daar*heen gerig. [Broer Branham klap sy vinger een keer, en dan weer—Red.] Die eerste een wat afvuur, sal hierdie soontoe afvuur.

132 Wat gaan gebeur? Wat gaan jou huis jou dan baat? Wat gaan jou geld jou dan baat? [Broer Branham klap sy hande twee

keer—Red.] Wat gaan jou kêrel jou dan baat, of jou meisie jou baat? Wat gaan enigiets jou baat? As jy nie reg is met God nie, is jy gedaan, vir tyd en Ewigheid.

133 Hierdie is die donkerste uur wat hierdie wêreld al ooit trotseer het van die begin van tyd af. Daar was nog nooit 'n tyd in die hele geskiedenis van die wêreld wat so donker was as wat dit nou is nie.

134 Kanker is op die oorlogspad. Dink net, dat. . . Ek het nou die dag 'n stelling gehoor, 'n opskrif soos hierdie: "Dat daar meer mense vanjaar in Amerika sal sterf, van sigarette rook, wat kanker veroorsaak, wat hierdie jaar sal sterf in Amerika, as wat doodgemaak is in die vier jaar van die Koreaanse Oorlog." Kanker is op die oorlogspad.

135 Siektes vind plaas, en alles vind plaas. Wel, ons weet nie wat om te verwag nie. Die dokters weet nie wat om die siektes te noem nie, so hulle sê: "Hulle is virusse." Wat is 'n virus? Vra die dokter. Dis iets waarvan hy niks weet nie. Hy sê net: "Dis 'n virus." Dis al wat daar is.

136 Daar's ou goggatjies en demone wat vlieg, waarvan die mens nog nooit vantevore gehoor het nie. Alles is aan die beweeg. Alles, ons probeer dit in bedwang hou met natuurlike dinge. Maar, wanneer ons dit probeer doen, breek dit êrens anders uit. Dis reg. Jy gee 'n man penisillien *hier*voor, sal dit iets anders veroorsaak. Jy gee *hierdie*, dis. . .

137 Julle het net heeltemal die pad byster geraak. God het 'n weg, ons kan dit net sowel aanvaar.

138 Die kerke het gefaal. Die Presbiteriane faal. Die Metodiste faal. Die Baptiste faal. Die Pinksters faal. Die Pelgrim Heiligheid faal. Die kerk van God faal. Ons het, elkeen, gefaal. [Broer Branham slaan ses keer op die preekstoel—Red.] Dis reg. Jy kan nie sê: "Ek's 'n Metodis," en maak of jy veilig is nie. Jy kan nie sê jy's 'n Baptis en maak of jy veilig is nie; Metodis, of 'n Presbiteriaan, wat jy ook al mag wees, of Pinkster nie. Jy kan nie sê jy's veilig, deur nie aan die kerk te behoort nie, want die kerk het ellendig misluk.

139 Die siekte is op so 'n oorlogspad dat, ek reken, vyf uit agt, of so-iets, hierdie jaar sal sterf, van kanker. Dink daaraan. En siektes van alle soorte, nuwe siektes, en dinge wat uitbreek, wat net verskriklik is om aan te dink.

140 Motorkarre maak dood. En elke dag, ry die mense so senuweeagtig in die pad af, en skree.

141 Tog, ek het gister in die straat afgestap in Louisville, en 'n vrou sou my van die pad af klap. Ek het gestap soos *dit*, en my vrou was by my, en ek het iemand agter my gehoor. Die—die skare was net. . . En een of ander verspotte vroutjie, wat 'n

sigaret gerook het, sy het gesê: "Wel, nou, as jy nie weet aan watter kant van die straat jy wil loop nie, kom van die straat af."

Ek het gesê: "Wel, dame . . . "

Sy het gesê: "Bly stil!" Daar het julle dit. Daar het julle dit.

142 Wat is dit? Dis neurote. Dis versteurd. En die dokters maak aanspraak dat nege uit elke tien Amerikaners ly aan geestelike versteurdheid. Selfs die sielkundiges, wat veronderstel is om geesteskundiges te wees, hulle raak wild en kranksinnig. Hulle haak hulle aan die groot krae, in die malhuis.

143 Kranksinnigheid is aan die toeneem. Verkragting is aan die toeneem. Whisky is aan die toeneem. Sonde is aan die toeneem. Listigheid is aan die toeneem. Daar is geen manier om dit te stop nie. Kommunisme kom in soos 'n vloed. Daar is geen manier om dit te stop nie, want hulle is in die regering en oral.

144 O, maar, prys God! Net in hierdie donkerste uur, dan kom Jesus hier inbeweeg, met Sy uitgestrekte hand, en wys tekens en wonders, en gee verlossing en genade aan die mense. Die donkerste uur wat hierdie wêreld nog ooit gesien het! Wanneer, die rots van Gibraltar eendag uitmekaar sal skiet. Maar, die Rots van die eeue sal vir ewig bly staan, as 'n herdenking van die opstanding, Christus.

145 God seën julle mense! God seën julle, kinders! Julle mag arm wees. Julle mag dalk nie weet waar die volgende maaltyd vandaan gaan kom nie. Maar, daar is een ding, julle is net so welkom by die Fontein van die Lewe vanaand, soos die rykste man in die wêreld. Jy kom sonder geld, sonder prys. Dis oop vir wie ook al wil.

146 Dis die donkerste uur wat die familie ooit gesien het. Kyk na die opgebreekte families. Daar is meer egskeidings in Amerika, alleen, as wat daar in die hele res van die wêreld gekombineerd is. Egskeiding is op die oorlogspad. Waar het die eerlikheid en die—die opregtheid en die vroulikheid van ons Amerikaanse vroue heengegaan? Kyk na die mans, en al wat hulle doen, is jaag op die paaie, om alles uit hulle pad te probeer stamp, wat hulle kan, oppad, en om bier te drink voor hulle huistoe gaan.

147 Kyk na ons jong tienermeisies wat in die straat afkom, sigarette in hulle hande. En so maak nie saak hoeveel die mediese wetenskap die waarskuwing gee: "Dis kanker! Dis kanker!" nie. Hulle gee nie om nie. Hulle gee nie om nie. Hulle sal hulle in elk geval rook.

148 'n Prediker kan staan en sy dag-ligte uitpreek, en vir hulle sê dis verkeerd, en hulle sal sê: "O, jou ou fanatikus." Die wêreld is reg vir oordeel, en ons gaan dit ontvang. Let op my woord, dit sal nie te lank wees voor daar iets gaan plaasvind nie.

149 Toe ek hierdie herlewing gesien het, wat deurtrek binne 'n oomblik. Dit het verbygegaan. En daar gestaan, daardie

Môrester wat oor die rivier gehang het, iets oor die twintig jaar gelede, toe Hy gesê het: "Die Boodskap sal oor die wêreld gaan." En daar was 'n outydse, Pinkster-uitstorting van die Heilige Gees, en herlewingsvure en genesingsdienste het regoor die aardbol gegaan.

150 Hulle het baie foute gemaak. Die koerante, net hierbo, nie lank gelede nie, in McCall of McCall's. Toe daardie man my diens gedreig het daar by Minneapolis, party van hulle . . . Mnr. Peterson en hulle het vir my kom sê hy was in die diens. Ek het gesê: "Sonder twyfel. Maar julle het nooit julle artikels reg nagevors nie. Julle het gesê A.A. Allen het die boek geskryf. En A.A. Allen het niks daarmee te doen gehad nie. Dan, as dit so 'n fout was, glo ek is die res daarvan 'n klomp foute." Ek het gesê: "Waarlik, die broers mag baie kritiek verdien. Hulle het baie foute gemaak. Dis alles reg. Maar, broer, ek sal liewer op die slagveld gevind word, aan die foute maak, as om 'n kritiseerder van die man te wees wat siele probeer red vir God." Wat doen jy daaraan?

151 Geseënd sy die Naam van die Here God! Die Krag van die Here Jesus Christus is net so voldoende vanaand. Dis die enigste Rots. Dis die enigste hoop. Dis die enigste Geloof. En Christus het Dit aan julle gegee.

152 [Leë kol op band—Red.] . . . en lewe, of weier en sterf. Dis die donkerste uur wat die wêreld ooit gesien het. Maar Jesus het gekom, en Hy's nou hier. Sy seëninge is oop. Sy sy is deurboor. Sy hande reik uit. "En wie ook al wil, mag kom en drink uit die fonteine van Lewe, vrylik." Jy maak jou besluit. Jou Ewige bestemming sal word—sal bepaal word deur jou gesindheid teenoor Jesus Christus. Hierdie mag jou laaste kans wees.

153 En terwyl ons nou ons hoofde buig net vir 'n woord van gebed, wil ek die suster vra om klavier toe te kom.

154 En terwyl elke persoon in gebed is, wil ek hê julle moet dit oordink. Waarheen kan julle gaan vanaand? Wat sal vanaand gebeur as 'n hartaanval jou tref? Hierdie mag die laaste geleentheid wees wat jy het. Oordink dit nou. Ding is, sal jy nie hierdie geleentheid gebruik nie?

155 Jy sê: "Wel, ek's soort van jonk." O, broer, suster, Hy's geen aannemer van ouderdom nie. Jy kan die lyn oorsteek wanneer jy jonk is of wanneer jy oud is; dit maak nie saak nie. Sien?

156 Ons Hemelse Vader, hierdie Boodskap gee ons nou vir U, in Christus' Naam. Dit is die donkerste uur wat die wêreld gesien het. Dis die donkerste tyd wat die menslike geskiedenis al ooit geskryf het. Daar is missiele in die lug, vlieënde pierings, noem hulle hulle.

157 U het gesê: "Daar sou tekens in die hemele wees; en op die aarde, groot aardbewings wat skud op verskillende plekke, vulkaniese uitbarstings; groot golwe in die see." U het gesê:

"Die see wat dreun. Mense se harte wat beswyk." Waarlik. Die wêreld weet nie wat om te doen nie. Die eerste atoombom vertel dit. "Radeloosheid, benoudheid tussen die nasies." U het gesê: "Wanneer hierdie dinge begin gebeur, hef dan julle hoofde op, want julle Verlossing is naby."

158 Wanneer ek dink aan daardie Jode daar oorkant. Ek sien daardie ou ses-punt-ster van Dawid, die oudste vlag in die wêreld, wat daar hang. Waarom kan die volke dit nie sien nie? En om te dink, dat ons geliefde volk blykbaar gaan aansluit by die Arabiere. Hulle sal vervloek word, net so seker. Hulle het die—die genade van God verwerp, nou moet hulle oordeel verduur. Daardie ou vlag oorkant sien hang! Die woestyn sien voortkom soos 'n roos wat blom! Daardie Jode sien terugkom van ver onder in Iran af, was daar vir vyf-en-twintighonderd jaar! Die Bybel het gesê hulle sal teruggedra word na Jerusalem op arendsvlerke. Om daardie groot Verenigde Lugdiens hulle te sien terugbring op die vlerke van 'n arend, as't ware. Hoe hulle van die skepe afklim, en kyk, en sê: "Waar is die Messias?"

159 U het gesê: "Wanneer die vyeboom haar botsels uitstoot, weet dat die somer naby is." Ons sien sy bot. En ons sien al die ander bome bot. Ons weet dis naby. Ons sien Ismael en Isak, oorkant by die poort, aan mekaar se kele, net soos U gesê het. Elke profesie wat net nou tref. God, wees genadig en red die verlorenes.

160 As daar een hier sou wees vanaand, Here, wat U nodig het, spreek net nou tot sy of haar hart, want dit mag wees dat dit die donkerste uur is. Hoewel ons dit nie mag besef nie. Daar mag miskien sommige hier wees wat nie besef dat hierdie die donkerste uur is nie, maar dit is. Satan mag hulle so verstrengel hê in die dinge van die wêreld, dat hulle dit nie besef nie.

161 U het gesê, in die Bybel: "Julle is nakend, ellendig, beklaenswaardig, blind en weet dit nie."

162 God, skenk, vanaand, dat mans en vroue, seuns en meisies, tot hulleself sal kom, en besef dat hierdie die donkerste uur is wat die wêreld nog ooit gesien het. Skenk nou, Here, dat as daar enige hier is wat U nie ken nie, dat hulle liefdevol en nederig sal kom na die kruis toe, vanaand, en Christus aanvaar as persoonlike Verlosser.

163 Is daar so 'n gesindheid, met ons hoofde gebuig, dat jy graag onthou sal wil word in gebed terwyl ons die diens afsluit? Sal jy jou hand opsteek na God toe, en sê: "Onthou my."

164 God seën jou. God seën jou. God seën jou, en jou, en jou, en jou. God seën jou daaragter. En jou, dame, ja. Sou daar nog een wees net voor afsluiting? God seën jou, jongdame.

165 Jy sê: "Broer Branham, beteken dit enigiets wanneer ek my hand opsteek?" Dit hang net af van wat jy bedoel het.

166 Weet julle, wanneer jy jou hand opsteek, daag jy elke wet van die wetenskap uit? Weet jy jou hand is veronderstel om af te hang, swaartekrag dit onder op die grond moet hou? Weet jy, wanneer jy jou hand opsteek, wys dit dat daar iets bonatuurliks in jou is, wat 'n besluit gemaak het? Iets wat nie natuurlik is nie. Iets wat nie wetenskaplik is nie. Dis 'n gees wat in jou is, wat jou swaartekrag laat verbreek het, deur 'n bonatuurlike Wese in jou, wat jou hand opsteek na die God van die Hemel, en sê: "Ek aanvaar Jesus nou as my Verlosser." Weet jy dis 'n gees in jou wat dit doen? Jy kan dit nie self doen nie. Dis wat dit beteken, die verskil tussen Lewe en dood.

167 As jy verkeerd is, steek jou hand op na Hom toe. As Hy die mossie sien, sien Hy vir jou. Sekerlik.

168 Nou, terwyl jy reg in jou sitplek is. As jy na die altaar toe wil kom en bid, hang dit van jou af. As jy in jou sitplek wil bly, ons gaan vir jou bid. Jy kan jou besluit neem van hoe jy wil bid. God sal hoor. Daar's omtrent 'n dosyn hande op.

169 Nou, as jy wil, en wil hê God moet vir jou doen, net waar Hy jou die veroordeling gegee het, reg op daardie selfde plek, sal Hy veroordeling van jou af wegneem. Hy sal jou oordeel op Homself neem. En Hy het alreeds daarvoor betaal.

170 En Hy sal sê: "Vader, sit sy hele rekening op Myne. Dis vereffen." God sal dan vir jou die Heilige Gees gee, net waar jy is.

171 Het jy dit regtig bedoel toe jy jou hand opgesteek het? As jy het, laat ons nou bid.

172 Dierbare Verlosser, ek weet net nie watter aand dit my laaste preek gaan wees nie. Ek wil elkeen preek net asof dit my laaste een was. Want ek weet nie wanneer U gaan sê: "Dis nou alles klaar. Kom Huistoe," nie. Ek bid dat U my sal bewaar. Ek wil bly, om die Woord te preek. Ek sien die behoefte aan die Evangelie, en die effek wat Dit op die mensdom het. Maar hier in ons eie pragtige land van Amerika, het ons soveel gemak, rykdom, geld, alles, gesien.

173 O, ons kan net nie so voortgaan, en die res van die wêreld wat doodgaan van die honger nie. Ons is goed gevoed en geklee, en ons besit ons huise, ons motors. Ons het geen behoefte aan niks nie, en weet nie dat ons "ellendig, beklaenswaardig, blind," geestelik gesproke, "nakend," is nie, sonder die Bloed van die Here Jesus. Tog, het ons groot lidmaatskap in die kerk. Ons mag groot sosiale aansien in die buurt hê. Ons mag beter aantrek, beter eet. Maar, O God, oor daardie siel!

174 Nou, in hierdie donker uur, is U steeds hier, want U veroordeel harte. Daar was verskeie hande,'n dosyn, reken ek; ek mag verkeerd wees. Mag miskien meer of minder gewees het. Ek weet nie, Here, maar U ken elkeen van hulle.

175 En nou, plegtig, in die slotgebed, bring ek hulle liefdevol en nederig na U voete, as die eienskappe van my preek vanaand, as die vrug van die Boodskap. Ek bring hulle na U toe, Here, soos hulle hulle hand opsteek om hulle in gebed te onthou. En hulle kniel nou in hulle hart, by die kruis. Ontvang hulle, Vader. Neem hulle as U geliefde kinders. En waar hulle ook al kerk toe gaan, waar dit ook al mag wees, o, mag hulle gebedstryders word. Mag hulle sielewenners word; werk, want die nag kom. Skenk dit, Vader. Neem hulle onder U sorg, en seën hulle en skenk hulle die groot begeerte van hulle hart. En mag die geseënde Heilige Gees hulle lewe vul. Want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

176 Hoeveel het die Here Jesus lief met hulle hele hart? O, is Hy nie wonderlik nie? Hoeveel voel heeltemal skoongeskuur? Net asof die Here net afgekom het en Sy groot skropborsel geneem het en dit alles weggeskuur het. O, goeiste!

177 Gee vir ons die akkoord van daardie ou, ek glo, Heilsleër lied: "Wat was al my sonde weg? Niks anders as die . . . " [Broer Branham talm. Gemeente sê: "Bloed van Jesus."—Red.] "Wat sal my weer heel kan maak? Niks anders as die . . . " ["Bloed van Jesus."] Dis reg. Kom ons sing dit nou almal saam.

Wat was al ons sonde weg?
Niks anders as die Bloed van Jesus;
Wat sal my weer heel kan maak?
Niks anders as die Bloed van Jesus.

O, kosbaar is die vloed
Wat my wit maak soos die sneeu;
Geen ander fontein ken ek,
Niks anders as die Bloed van Jesus.

178 Is dit nie wonderlik nie? Hou julle van daardie ou liedere? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, goeiste! Ek wou nou iets sien. Watter een van julle . . . Steek al die Metodiste julle hand op. Goed. Steek al die Baptiste julle hand op. Is daar Pelgrim Heiligheid? Steek julle hand op. Nasareens? Steek julle hand op. Kerk van God? Steek julle hand op. Presbiteriaans? Steek julle hand op. Sou daar 'n Katoliek wees? Steek julle hand op. Kyk net na die verskillende kerke hierbinne!

179 Nou terwyl ons dit weer sing, wat maak 'n Presbiteriaan heel? Niks anders as die Bloed van Jesus nie. Wat maak 'n Metodis heel? Niks anders as die Bloed van Jesus nie. Wat maak 'n Nasaréner heel? Niks anders as die Bloed van Jesus nie. Wat maak . . .

180 Hoeveel Pinksters? Ek het vergeet om dit te vra. Hoeveel Pinksters hierbinne? Steek julle hand op. Nou sien die mense. Hulle sê dat ons 'n Pinksterkerk is. Daar was vyf hande wat opgegaan het, vir Pinksters. Daar het julle dit.

181 Ons is nie Pinkster, in denominasie nie. Ons is die Kerk van die lewende God. Ons is net kinders van God. Ons

is Presbiteriane. Ons is Metodiste. Ons is Baptiste. Ons is Lutherane. Ons is Nasareens. Ons is Pinksters. Ons is Pelgrim Heiligheid. Ons is almal van hulle. Want ons is almal een, in Christus Jesus. Wat het dit gedoen? *Hierdie!*

Wat was al my sonde weg?
Niks anders as die Bloed van Jesus;
Wat sal my weer heel kan maak?
Niks anders as die Bloed van Jesus.

O, kosbaar is die vloed
Wat my wit maak soos die sneeu;
Geen ander fontein ken ek,
Niks anders as die Bloed van Jesus.

182 Is Hy nie wonderlik nie? Ja, meneer! Nou terwyl ons sing, *Onder By Die Kruis*, wil ek hê die Metodis, en Baptis, en Presbiteriaan, en Pinkster, en Nasareense, moet almal mekaar se hande skud, goed, terwyl ons dit sing.

Daar by die kruis waar . . .

Draai nou net om, skud hande met iemand.

Daar het ek vir reiniging . . .
Daar aan my hart is die Bloed gewend;
Ere sy Sy Naam!

[Broer Branham praat met Broer Neville—Red.]

Ere sy Sy kosbaar' Naam!
Daar aan my hart is die Bloed gewend;
Ere sy Sy Naam!

183 Nou hierdie is nagmaalaand, soos almal weet. Ons neem nagmaal vanaand. En ek het daarvan vergeet tot Broer Neville my pas herinner het.

184 Nou hoeveel voel baie goed, dat jy 'n Nasareense Pelgrim Heiligheid Pinkster Baptis is? Laat ons jou hand sien. Ek het hier opgelet, 'n Baptis en Metodis wat op die platvorm staan, mekaar se hande skud. O, is ons nie . . . Is dit nie wonderlik om 'n dienskneg van die Here te wees nie!

185 Nou ons is net kinders. En kinders het vreeslike snaakse maniere, julle weet. Hulle sal die een oomblik baklei en die volgende speel. En dis hoe ons moet wees. Net ontslae raak van die baklei, van die skouer af, en uitgaan en bietjie pret hê, met jou poppe speel, en wat ook al gedoen moet word.

186 Ons het nou 'n herlewing wat kom. En ons gaan die Evangelie sing, die Evangelie preek, en net 'n wonderlike tyd hê. Hoeveel gaan daarvoor bid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, dis goed. Nou, kom en help ons. Gebruik die telefoon. Gebruik elke dingetjie wat julle kan, nooi al die kinders uit. Sê vir hulle: "Kom oor hiernatoe, en help ons nou. Ons gaan 'n bietjie gemeenskap rondom die Woord hou."

187 Nou is dit nagmaaltyd. Almal is welkom om die nagmaal saam met ons te gebruik, net ’n paar minute. Hulle bring hulle hier na die altaar toe, en, tien of vyftien minute, is dit alles verby, dan doen ons die voetewas.

188 Broer Neville sal nou die Skrif van die nagmaal lees, terwyl ons nou baie eerbiedig is, soos ons die nagmaal neem.

Toe Het Jesus Gekom AFR57-0407E
(Then Jesus Came)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 7 April 1957 by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org